Eljada Huis
Daspoort .....
waar die HERE sorg en voorsien!
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.
012 377 0503 / 072 855 8289
eljadahuis@mweb.co.za
www.eljadahuis.weebly.com

2 Augustus 2012
Dagsê Almal
Ek kan maar net in stil dankbaarheid kniel voor ons Skepper vir die genade wat ek hierdie week ontvang het. Voldoende vleis en kos om ons weer vir die volgende week of twee deur te sien. BAIE DANKIE aan een en almal wat 'n bydrae gelewer het.
Sy staan voor my met haar sagte blou oë waarin die trane blink en sy sê baie dankie vir my hulp. Haar jongste seun (27) is die afgelope 10 jaar reeds aan heroïen verslaaf en die aftakeling van sy liggaam breek haar hart, soos ook al die kere wat hy haar huis byna leeg gedra het, selfs haar blikkieskos, om sy verslawing te bevredig. Hy was al in verskeie sentrums vir hulp maar keer op keer het hy weggeloop terug na haar toe. Sy was al verplig om hom te laat toesluit om haarself te beskerm. Hoe moet ek haar troos want ek was so bevoorreg in my lewe dat sulke dinge by my verbygegaan het. My drie dogters is gelukkig getroud en ek 'n ouma van vier kleinkinders wat ook maar groen koring op my land is, dank my Hemelse Vader dat ek so beskerm was tot vandag toe. Vandag is haar eie liggaam al so gebreek as gevolg van al die spanning dat sy op 52 nie meer produktief kan gaan werk nie en kry sy net ongeskiktheidspensioen. Ons het haar seun na die KuriakéBediening geneem in Centurion waar Walther en sy vrou Thereza met behulp van die (Gos)pil mense met geloof deur hierdie stryd help. Ons vra jul voorbidding vir haar as opregte gelowige wat hierdie keer werklik glo dat dit met hom sal goed gaan. Volgens Walther het hy die afgelope twee nagte deur hel gegaan maar hulle ondersteun hom al die pad. Sy moet egter R5000 bymekaarmaak om die koste van hierdie program te dek. Sy kan baie goed naaldwerk doen en is bereid om daarvoor te werk.
Ek staan op die vooraand van reëlings vir Ds. Willem – ons geestelike steunpilaar se afskeid. Hy vertrek na Potchefstroom waarheen hy beroep is. Ons gaan hom onbeskryflik baie mis maar gun hom hierdie nuwe uitdaging en weet en vertrou dat hy dit met net soveel passie sal uitvoer as sy betrokkenheid hier by die Eljada Huis die afgelope twee en 'n half jaar. Hy was een van die stigterslede van die diensgroep toe die huis aangekoop is en huidiglik ook nog een van die direkteure. Ek vra almal se seënbede vir hom.
*Met groot opgewondenheid wil ek graag die skepping van ons webblad en koppeling met "facebook" aankondig. Ons webblad adres is www.eljadahuis.weebly.com en ons facebookbladsy se naam is*

*eenvoudig Eljada Huis. Ek is baie dankbaar teenoor Magda en haar seun Johan wat dit aan die gang gekry het. Ek is besig om die ander inligting vir hulle voor te berei om op die webblad te plaas.*
*Verder wil ek ook graag langs hierdie weg vir almal wat huidiglik inbetalings in ons rekening maak vra om na volgende Woensdag asseblief met Karen de Lange by die GK Rietvallei se kantoor of admin@gkrietvallei.co.za by 012 347 7362 te skakel om die Eljada Huis se nuwe bankbesonderhede te kry.*
Soveel dankbaarheid en soveel genade word ontvang by hierdie huis en ons begin Maandag 13 Augustus om dit ook verder uit te brei na ons bejaardes toe. Liza Roux van bejaardesorg in die omgewing het gevra of ons die minder bevoorregte bejaardes een maal per week kan ontvang. 'n Mooi program is saamgestel wat dan inval met ons bybelstudie saam met Ds Cobus Rossouw van GK Daspoort om 10 uur en dan daarna 'n paar lekker besigbly dinge. 'n Middagete sal dan aan hulle voorgesit word. Kom kuier gerus en geniet dit saam met ons.

Eljada Huis groete

Annatjie